**Vrydag 9 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 27:1-29**
**Fokusgedeelte: Genesis 27:1-29**
**Die aaklige gevolge van verdeelde gesinne**

In gister se oordenking het ons gesien dat daar van die begin af spanning was tussen die broers Jakob en Esau. Ons het reeds daarna verwys dat ouers besondere wysheid nodig het om sulke spanninge tussen kinders te hanteer. Ons sien ook dat ons eie optrede nie sonder gevolge is nie! Beide die ouers (Isak en Rebekka) sowel as die kinders (Jakob en Esau) pluk die vrugte van hulle eie sondige optredes (sien Gal. 6:7). En ons sien hoe die onwyse optrede van ouers sake kan vererger.

Esau se onnadenkende verkoop van sy eersgeboortereg kom jare later terug om hom te byt. Toe hy jonger was, het hy sommer maklik van sy reg ontslae geraak. Maar noudat hy ’n ouer is, besef hy dat dit inderdaad vir hom iets belangriks is, dit is ’n seën wat hy van sy pa af wil ontvang. Maar in plaas van ’n eerlike hantering van die saak, span Rebekka en Jakob saam om ’n groot bedrogspul te laat afspeel. Jakob is “getrou” aan sy eie bedrieglike self, maar Rebekka tree na vore as een wat haar witbroodjieseun in staat stel om met die bedrog voort te gaan ... sy is ’n “enabler”.

’n Mens maak so maklik die fout om die Bybelse karakters op ’n verhogie te plaas. So asof hulle hierdie wonderlike helde is na wie ons moet opkyk om morele lesse te leer. Maar die Here plaas hierdie geskiedenis om ander redes in die Woord – die hele Ou Testament is eintlik maar net daarop gerig om te wys hoe diep die mense se nood is en hoe nodig ons die Messias het!

Dit is ook waar van ouers. Ons opvoeding is vol gebreke, ons maak oordeelsfoute en is self sondig. Daarom laat hierdie geskiedenis ons vooruitkyk – na Jesus, in Wie God se seën oorvloedig na ons toe kom!

*Gebed: Vader, ons bely ons eie sondigheid. Ons het self nie morele hoë grond om op te staan en U seën af te eis nie. Nie vir ons of ons kinders nie. Maar ons beroep ons op u genade wat deurgebreek het in ons Here Jesus Christus. Sien ons aan, hoor ons en red ons ter wille van u Seun wat sy bloed vir ons kom stort het, juis omdat ons so dikwels beperkte insigte het en sondig. Amen*

*Sing: Psalm 65-1:2*

*Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)*